Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
FEBURARIE 2026

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

MUNISIPALITEIT DOEN GOEIE WERK TEN SPYTE VAN FEESTYDDRUK

Overstrand-munisipaliteit het 'n uiters suksesvolle feestyd agter die rug. Ten spyte van die hoë getal besoekers, het ons munisipale diensdepartemente deurgedruk om te voldoen aan die hoër vraag na dienste om 'n veilige en aangename ervaring vir elkeen te verseker.

WATERVERBRUIKTENDENSE

Hoewel die waterdiensstelsel onder uiterste druk was, het dit goed gevaar sonder groot insidente.

- **Algehele verbruik:** In Desember 2025 is 'n addisionele 37 835 kℓ verbruik, vergeleke met Desember 2024.
- **Kleinmond-sukses:** Dit is merkbaar dat Kleinmond-inwoners 11 400 kℓ minder water verbruik het as die vorige jaar.
- **Huidige stand:** Met toenemend uiters hoë temperature en dalende watervlakke in damme, versoek die munisipaliteit dat almal steeds water spaarsaam moet gebruik.

TOERISME EN VEILIGHEIDSHOOGTEPUNTE

- **Besetting:** Die plaaslike gasvryheidsbedryf het 'n merkwaardige 98% besettingskoers aangemeld vir die spitstydperk.
- **Spesiale geleenthede:** Net in Desember het Overstrand 394 spesiale geleenthede aangebied en dit was 'n welkome versterking vir die plaaslike ekonomie.
- **Veiligheid op die strand:** Geen verdrinkings is aangemeld by amptelike swemstrande nie. Ons Blouvlagstatus en sigbare teenwoordigheid van lewensredders het 'n veilige omgewing geskep vir die volgepakte strande.
- **Verkeersvolume:** Hermanus het sy hoogste inkomende verkeer aangemeld op 20 Desember 2025 teen 788 voertuie per uur en sy hoogste uitgaande verkeer op 27 Desember teen 644 voertuie per uur. Kleinmond se hoogste verkeer is aangemeld op 19 Desember teen 492 voertuie per uur en Gansbaai het sy hoogste inkomende verkeer aangemeld op 20 Desember teen 416 voertuie per uur.

SUKSES MET AFVAL EN HERWINNING

Spanne wat afval verwyder is deeglik beproef tydens die vakansie-toename. Die ekstra volume is hanteer deur die spanne wat langer ure gewerk het en die herwinbare materiaal is soos beplan verwyder.

- **Gebruik van stortingsterrein:** Munisipale fasiliteite het ervaar dat afval- en herwinningsvolumes meer as verdubbel tydens spitstye.
- **Gebiede met probleemdiere:** Die meeste inwoners in dié gebiede was verantwoordelik en het mini-aflaaipunte gebruik vir oortollige afval.
- **Herwinningsgroei:** Volumes van materiaal wat geskei is, het merkbaar toegeneem gedurende die jaar en ons materiaal-herwinningsfasiliteit werk steeds teen volle kapasiteit om die ladings te verwerk.
- **Bobbejane en kos:** Ongelukkig laat sekere huishoudings swart sakke op sypaadjies. Dit lok bobbejane en het die werk om bobbejane te monitor aansienlik moeiliker gemaak.

DIE BESTE SPANWERK

Sukses is moontlik gemaak deur die noue samewerking tussen munisipale wettoepassers, verkeersbeamptes en die onderskeie direktorate wat noodsaaklike dienste lewer, asook die SAPD en buurtwagte. 'Wat die seisoen so suksesvol gemaak het, was die manier waarop alle rolspelers saamgewerk het in belang van die streek', het burgemeester Klaas afgesluit.

GEEN HELDEDADE NIE
NET BRANDBESTRYDING DEUR SPANNE OP DIE TERREIN

Overstrand-munisipaliteit het sedert Oktober 2025 te make gehad met 'n ongekende getal brande. Meer as 40 000 hektaar het in die omgewings van Stanford en Pearly Beach gebrand. Die brande het gelei tot aansienlike verlies vir plaaslike boere, besighede en lewensbestaan.

Die stryd op die grond

Besonder moeilike omstandighede - insluitend uitdagende weersomstandighede, sterk wind, digte plantegroei en ontoeganklike terrein - het ons spanne tot die uiterste getoets.

- Meer as 200 brandweermanne en ondersteunende personeel, grondeienaars, brandbestrydingseenhede en vrywilligers het in 24-uurskofte gewerk om die vlamme te beheer.
- Ten spyte van die intensiteit van die brande, was daar geen lewensverlies nie, hoewel sekere van die ontruimde mense behandel moes word vir die inasem van rook.
- Strukture is verloor, maar presies hoeveel kan nog nie bevestig word nie.
- Daar word geraam dat die brande tussen R6 en R7 miljoen gekos het sedert 4 Januarie 2026.

Die samewerking van 'n gemeenskap

Overstrand-munisipaliteit bedank elkeen wat gehelp het tydens die krisis:

- Personeel: Munisipale personeel en brandweermanne van buurmunisipaliteite.
- Ondersteuning: Lugvaarthulpbronne, grondeienaars, brandbestrydingseenhede en vrywilligers van welsynsorganisasies wat maaltye voorberei het.
- Inwoners: Almal wat water en noodsaaklike items geskenk het om ons brand-bestryders met kragstof te ondersteun op die voorste linies.

Die toewyding en ondersteuning van elkeen is van onskatbare waarde. Brandbestryders bly op die toneel en gaan voort met brandbestryding, terwyl die gebied gemonitor word vir enige iets wat weer opvlam.

Beloning vir inligting: Die munisipaliteit vermoed dat sekere brande doelbewus gestig kon wees. Ons bied 'n beloning van R10 000 vir inligting wat lei tot die arres en skuldigbevinding van diegene wat verantwoordelik was daarvoor.

- Hoe om aan te meld: Skakel Brand en Redding by 028 312 2400, stuur 'n WhatsApp-boodskap aan die hoof van wetstoepassing by 076 970 5481 of gebruik die Collab Citizen App
- Inligting kan anoniem verskaf word.

HELP OM OVERSTRAND SE WATERNETWERK TE BESKERM:
HOU ASSEBLIEF AAN OM WATER SPAARSAMIG TE GEBRUIK

Overstrand-munisipaliteit bedank alle inwoners, sake-ondernemings en besoekers opreg vir die toegewyde pogings om water in dié kritieke tydperk te spaar. Doelbewuste bydraes maak 'n tasbare verskil aan die beskerming van natuurlike hulpbronne wat ons deel.

HUIDIGE STAND VAN SAKE: HOEKOM ONS NOU MOET OPTREE

Hoewel daar nie op die oomblik formele waterbeperkings afgedwing word nie, moet ons doelgerig werk om dit te vermy. Die data toon 'n aansienlike verandering in ons omgewingstoestande:

- **Minder reën:** In 2025 is net 482 mm reën aangemeld. Dit is 'n skerp afname, want in 2024 is 746 mm reën aangemeld..
- **Minder as gemiddel:** Die reënval is baie minder as die jaarlikse gemiddeld van 640 mm vir Hermanus. Dit beteken dat die munisipaliteit watervlakke in damme noukeurig moet monitor.
- **Verbruiktendense:** Tussen Desember 2024 en Desember 2025 het waterverbruik vir byna alle dorpe toegeneem. Net Kleinmond en Buffelsrivier toon 'n afname, waarskynlik omdat minder pype gebreek het gedurende die maand.

STAND VAN ONS DAMME (JONGSTE VLAKKE VIR DESEMBER)

Die watervlakke van ons damme in die streek wissel. Sekere damme toon 'n merkbare afname vergeleke met verlede jaar:

DE BOS (Fisherhaven tot Voëlklip)	BUFFELSRIVIER (Rooi-Els, Pringlebaai Bay, Bettysbaai)	KRAAIBOSCH (Groter Gansbaai)	PEARLY BEACH	KOEKEMOER (Pearly Beach)
83% ↓	77% ↓	86.4% ↓	95% ↑	70% ↓
VLAK IN DES 2024 96.4%	VLAK IN DES 2024 95%	VLAK IN DES 2024 87%	VLAK IN DES 2024 87%	VLAK IN DES 2024 100%

HOE U KAN HELP ONS WATERVOORRAAD TE BESKERM

Elke druppel tel om volhoubare water vir almal te verseker. Elkeen kan 'n verskil maak deur die volgende riglyne toe te pas:

- **Wees bewus van die son in die middel van die dag:** Permanente regulasies verbied dat tuine natgelei word tussen 09:00 en 17:00 om te verhoed dat water eenvoudig verdamp.
- **Wees bewus van hoe u water gebruik:** Draai alle krane toe as dit nie gebruik word nie en moenie water gee in die tuin en buite die huis nie.
- **Gebruik weer en herwin:** Gebruik, waar moontlik, water uit die bad of wasbakke ('gryswater') vir die tuin of vir algemene skoonmaakdoeleindes.
- **Meld lekplekke vinnig aan:** Meld enige lekplek onmiddellik aan by die munisipaliteit se skakelsentrum of gebruik die Citizen App om lekplekke aan te meld.

VERGELYKENDE VERBRUIKSYFERS (kℓ)

Die volgende tabel lig die veranderde verbruiktendense vir al ons dorpe uit:

DORP	NOV 2024	NOV 2025	DES 2024	DES 2025
GROTER HERMANUS	442,400	515,140	515,650	543,860
GROTER GANSBAAI	129,153	151,610	156,572	176,144
KLEINMOND	86,848	88,054	112,721	101,321
BUFFELSRIVIER	60,001	71,734	82,209	80,148
STANFORD	41,245	47,902	52,512	55,118
PEARLY BEACH	13,142	17,148	20,206	21,525
BAARD-SKEERDERSBOS	1,711	2,137	2,189	2,561
BUFFELJAGSBAAI	591	725	783	846

AANKOOP VAN ELEKTRISITEIT

Aux-koste is terug

Overstrand-munisipaliteit lig alle inwoners in dat die alternatiewe skuldverhaling-stelsel (AUX) vir die aankoop van elektrisiteit amptelik heringestel is op 1 Desember 2025.

Wat is die alternatiewe skuldverhaling koste?

Die alternatiewe stelsel is 'n ou skuldvorderingmeganisme wat die munisipaliteit gebruik het om uitstaande bedrae op munisipale rekeninge te verhaal. Dit verseker dat inwoners skuld stelselmatig kan terugbetaal, terwyl hulle steeds toegang het tot noodsaaklike dienste.

Hoe dit werk

Indien 'n kliënt wat vooraf vir elektrisiteit betaal se rekening agterstallig is, word die betaling soos volg verdeel:

- **60%** van die koopbedrag word outomaties toegewys aan die agterstallige bedrag.
- **40%** van die koopbedrag word gebruik om elektrisiteitseenhede te voorsien.

Die toewysing beteken dat minder eenhede as gewoonlik gekry word vir die bedrag, totdat die munisipale skuld ten volle betaal is. Verder kan kliënte met agterstallige rekeninge beperkte watertoevoer (drupwater) ervaar totdat die rekening ten volle betaal is.

Wie word nie geraak daardeur nie?

Die herstel van die alternatiewe skuldverhaling koste sal **nie** die volgende persone beïnvloed nie:

- Persone met munisipale rekeninge wat op die oomblik ten volle betaal is.
- Persone met 'n formele afbetalingsooreenkoms wat nougeset nagekom word.

Opheffing tydens die feestyd

Gedurende die vakansietydperk hef die munisipaliteit, as 'n welwillendheidsgebaar die alternatiewe skuldverhaling koste (AUX-koste) tydelik op van 22 Desember 2025 tot 15 Januarie 2026. Gedurende dié kort tydperk word geen bedrag afgetrek vir agterstallige rekeninge nie en inwoners kan toegang kry tot die volle getal eenhede wat hulle koop.

Let asseblief daarop dat die aanvullende stelsel ten volle herstel word op **16 Januarie 2026.**

MOENIE GOED IGNOREER OF DINK IEMAND ANDERS SAL IETS DOEN NIE

MELD VANDALISME EN DIEFSTAL AAN

Diefstal en vandalisme is uitdagings, oral in Suid-Afrika. Die Overstrand-streek is geen uitsondering nie. Die misdade lei tot skade, maar dit kos ook duisende wat die gemeenskap elke jaar moet betaal en dit versteur ook gewone daaglikse lewe.

In die Overstrand-streek het kabeldiefstal en die vernietiging van straatligte nou kritieke vlakke bereik. Die dade skep aansienlike veiligheidsgevare en plaas geweldige druk op munisipale hulpbronne. Elke uur wat bestee word aan die herstel van skade wat voorkom kon word, beteken dat tyd en mannekrag gesteel word van ander noodsaaklike gemeenskapsprojekte. Buiten infrastruktuur, kom openbare ruimtes ook in gedrang. Graffiti, gebreekte toilette, beskadigde banke en gebreekte vensters ontsier en versuur steeds die dele wat ons met mekaar deel. Hoewel die munisipaliteit besluit het om liewer kostedoeltreffende plastiek-toerusting te gebruik om verliese te versag, duur die vernietiging onverpoosd voort. Uiteindelik beteken elke daad van sabotasie dat fondse wat dienste moet verbeter vir almal, benut moet word vir onnodige herstel van wederregtelike skade.

"Ons kan nie toelaat dat dit voortgaan nie," sê burgemeester, Archie Klaas. "Die fasiliteite behoort aan elkeen van ons en elkeen verdien om dit te geniet. Dit is die gemeenskap se verantwoordelikheid om te help beskerm wat aan ons behoort".

Hoewel Overstrand se veiligheids- en sekuriteitsbeamptes onvermoeid die gebied patrolleer, maak die eenvoudige omvang van die streek dit onmoontlik om terselfdertyd oral te wees. Kriminele is dikwels vinnig en maak gebruik van die omvangryke gebied om arres vry te spring. Die munisipaliteit kan die stryd nie alleen oorwin nie. Ons het u hulp nodig. In baie gevalle weet die gemeenskap reeds wie verantwoordelik is vir die skade. Indien u iets verdag sien of ongewone aktiwiteit opmerk, moet u asseblief nie wag dat iemand anders iets daaraan doen nie.

HOE OM DIT AAN TE MELD:

- Munisipale wettoepasasing (24/7): 028 313 8996
- Wykraadslede: Vind u wykraadslid by www.overstrand.gov.za onder "*About Us*"
- Overstrand se Citizen App: Laai dit op u foon en meld probleme direk aan met u foon